Verwysing: 20210329-1939
Lêerno.: 3/3/3/1/1
Navrae: Inbelsentrum

Strategiese Mensbestuurminuut: 0005/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle opvoeders

Onderwerp: Belangrikheid van behoorlike prestasiebestuur

1. Na aanleiding van Strategiese Mensbestuurminuut 0009/2018 van 23 November 2018, word die 2021 jaarlikse Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel- (GGBS-) kalender wat op Posvlak 1-opvoeders (PL1), departementshoofde (PL2) en adjunkprinsipale (PL3) van toepassing is, hierby aangeheg. Prinsipale moet die prosesse ooreenkomstig die gehaltebestuurstelsel (GBS) in 2021 volg.

2. Hierdie kalender verskaf 'n gids vir die vereiste prosedures en toepaslike sperdatums. **Skole word vriendelik versoek om aan die indieningsdatums wat deur die distrikskantore voorsien word, te voldoen**, ten einde die sperdatums soos op die kalender aangedui, te haal.

3. Prestasiebestuur is 'n stelsel wat organisatoriese strategieë en doelwitte aan sub-eenheidsdoelwitte en dan aan individuele poste koppel. Dit is daarop gemik om rigting te gee aan individuele prestasie en dit te verbeter, om sodoende organisatoriese en inrigtingsdoeltreffendheid te verhoog. Dit is dus 'n stelsel wat oor die ontwikkeling van vaardighede in die belang van die individu/inrigting/departement gaan.

4. Deurlopende prestasiebestuur help met:
   - die vestiging van 'n kultuur van voortreflike prestasie;
   - die verbetering van bewustheid en begrip van verwagtinge;
   - die verbetering van kommunikasie;
   - die aansporing van billike en objektiewe assessering;
   - die bied van geleenthede vir ontwikkelingsdoeleindes;

- proaktiewe bestuur van onbevredigende prestasie deur die inwerkingstelling van 'n prestasieverbeteringsplan;
- die leiding en ondersteuning van werknemers; en
- die daarstel van 'n grondslag vir toekomstige besluite.

5. Dit is noodsaaklik dat alle prinsipale en personeel seker maak dat prestasie-evaluerings gereeld uitgevoer word. 'n Prestasie-evaluering moet met alle opvoeders, hetsy permanent, op proef of op kontrak, gedoen word en elke prestasiegradering moet op bewyse gegrond wees. Die monitering en ondersteuning van prestasie deur lynbestuurders is 'n deurlopende proses.

6. Dit is die verantwoordelikheid van alle prinsipale en opvoeders om seker te maak dat hersienings en finale evaluerings uitgevoer word, soos uiteengesit in die Raad op Arbeidsverhoudinge in die Onderwys se Gesamentlike Ooreenkoms No. 8 van 2003 met 27 Augustus 2003 as datum. Dit is uiters belangrik dat daar by die sperdatums vir die indiening van die vereiste dokumentasie gehou word.

7. Nie-indiening van vereiste prestasiebestuursdokumente kan tot gevolg hê dat 'n opvoeder nie 'n salarisaanpassing ontvang nie. Prinsipale sal vir die indiening van die vereiste dokumentasie verantwoordelik gehou word.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle opvoeders onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2021-05-25